Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 11, Nr 3, 1981. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE GESKIEDENIS VAN DIE GEDENKTEKEN TER GEDAGTENIS AAN HEENGEGANE BOEREGEÏNTERNEERDES IN PORTUGAL

KOL DR JAN PLOEGER*

**This article relates the history of the Memorial commemorating the deceased Boer-internees in Portugal.**

## Inleiding

Namate die Britse opmars in die Zuid-Afrikaansche Republiek vordering begin maak het, het daar — veral na die Britse besetting van Johannesburg en Pretoria — 'n neiging onder vreemdelinge wat aan die kant van die republieke geveg het, begin ontstaan om pad te gee uit Transvaal. Hierdie neiging was ook bespeurbaar onder gesinne wat dit kon bekostig om 'n tydelike heenkome elders te probeer vind. Dan was daar te Barberton 'n sterk konsentrasie van vrouens en kinders wat, afkomstig van Pretoria en die Witwatersrand, deur die Britse outoriteite uit dié besette woongebiede verwyder was en deur die Transvaalse regering te Barberton gehuisves en versorg was.

Die enigste kans om aan die toenemende en naderende oorlogsgevaar te ontkom, was om na Lourenco Marques uit te wyk. Die Transvaalse regering het posmeester-generaal I.N. van Alphen en tesourier-generaal N.S. Malherbe op 14.9.1900 gelas om na Lourenco Marques te gaan om daar reëlings in verband met die versorging van vlugtelinge te tref.[1] Daar sou die genoemde kommissie sowel vlugtelinge as goewermentsamptenare wat ongeskik was om kommandodiens te verrig, versorg tot tyd en wyl ander maatreëls getref sou word.[2]

Op 24.9.1900 het genl Pole-Carew die verlate grenspos Komatipoort beset. Van die vegtende burgers het 'n gedeelte noordwaarts uitgewyk om aan die oprukkende vyand te ontkom, terwyl ander genoodsaak was om — teneinde aan gevangeneming te ontkom — die Transvaals-Mosambiekse grens oor te steek. Teen middernag van 18.9.1900 het meer as 700 burgers hulle wapens op Portugese gebied afgelê. Hulle voorbeeld is deur ander gevolg, sodat die totaal tot ongeveer 1400 aangegroei het.[3]

## 2. Die werksaamhede van die 'Commissie voor de Refugees uit de ZAR' te Lourenco Marques

Aanvanklik het hierdie kommissie, waarna reeds verwys is, uit tesourier-generaal N. S. Malherbe, ouditeur-generaal J. S. Marais, posmeester-generaal I. N. van Alphen en W. J. Geerling (assistent-hoof Telegraafdepartement) bestaan.[4]

Die kommissie het allereers daarvoor gesorg dat buitelandse vrywilligers met die Oostenrykse skip *Styria* na Triëst verskeep is, terwyl 'n aantal koloniale Afrikaners en oud-amptenare in die geleentheid gestel is om na Europa of die VSA te vertrek. Daarna het die oorblywendes, met uitsondering van 'n handjievol geïnterneerde burgers wat hulle aan die Engelse outoriteite in Lourenco Marques oorgegee het, aan boord van die transportskepe *Benguella* en *Zaire* na Portugal vertrek. Die eersgenoemde skip het, met ongeveer 700 burgers aan boord, op 26.2.1901, van Delagoabaai na Lissabon vertrek, terwyl die *Zaire,* waarmee ongeveer 300 mans, vrouens en kinders vervoer is, op 2.4.1901 te Lissabon aangekom het.[5] Die selfaangestelde 'generaal'. F.



**Bostaande foto is op 25:4:1901 te Caldas da Rainha geneem.**

**Persone agter v.l.n.r. — Dr d' Almeida Campos, Mnr W. J. Geerlîng, Sekretaris van die Boerekommissie vir die uitgewekenes te Lourenco Marques en in Portugal Persone voor v.l.n.r. — Mnr. Ferreira, Mnr. G. F. Tröger (Transvaal), Kampkommandant Capitã Valentin.**

J. Pienaar is, met sy gesin en 'n paar ander geïnterneerders met die Portugese oorlogskip *Affonso d'Albuquerque* na Portugal oorgebring.[6]

## 3. **Die geïnterneerdes in Portugal. Die terugkeer na Suid-Afrika.**

Na hulle aankoms in Portugal is die geïnterneerde mans, vrouens en kinders na verskillende kampe oorgebring, waar hulle goed behandel is. 'Generaal' F. J. Pienaar en sy geselskap is te Thomar gehuisves, die ander burgers is oor kampe te Abrantes, Akobaca en Peniche versprei, terwyl oortreders in die fort S. Juliao da Barra opgesluit is. Gesinne het onderdak te Caldas da Rainha gevind. Soos reeds vermeld is, is die geïnterneerdes goed versorg. Sowel ten opsigte van hulle geestelike en mediese versorging is, sowel deur die Portugese owerhede as deur die nog steeds bestaande 'Commissie voor de Refugees' alles gedoen wat moontlik was. Mediese hulp was beskikbaar, hulp-organisasies in Portugal, Nederland en Duitsland het, in die vorm van klerasie en andersins gehelp, skoolboeke is uit Nederland bekom en kamponderrig is deur onderwysers onder die geïnterneerdes versorg. Danksy die goeie versorging wat die geïnterneerdes te beurt geval het, was die sterfgevalle onder hulle minimaal.

Na die einde van die vyandelikhede van meer as twee jaar in Suid-Afrika is daar besluit om die geïnterneerdes in Portugal te repatrieer. Op 4.8.1902 het die Brits transportskip *Bavarian,* met die oud-geïnterneerdes aan boord, in Tafelbaai aangekom. 'n Deel van die gerepatrieerdes is ontskeep terwyl die oorblywendes met dieselfde skip na Port Elizabeth is. Die *Bavarian* het daar op 7.8.1902 aangekom, die passasiers is na die vroeëre Boer Exile Camp waar 'n gedeelte van die aldaar-gehuisvestes na 'n paar dae toegelaat is om huis toe te gaan. Vrouens van oud-Kaapse rebelle, wat 'n afsonderlike groep onder die gerepatrieerdes uit Portugal gevorm het, is ook ontslaan en het hulle vryheid herwin.[7] Tydens die reis van die Bavarian is 'n dogter van oud-geïnterneerde Verwey aan boord oorlede. Haar stoflike oorskot is in Kaapstad ontskeep en tydelik in die plaaslike lykshuis geplaas tot tyd en wyl begrafnisreëlings getref sou wees.[8] Vroeër het 'n geringe aantal geïnterneerdes sowel te Lourenco Marques as aan boord van die *Benguella* en die Zaire die tydelike met die ewige verwissel, in Portugal is 14 persone oorlede terwyl 'n klein aantal persone ontsnap het uit die kampe. Al die ander het veilig teruggekeer.

## 4. **Die gedagte om een of meer gedenktekens in Portugal op te rig.**

Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, het die gedagte in die Brits Departement van Kolonies posgevat om gepaste gedenktekens vir heengegane Boerekrygsgevangenes te Diyatalawa (Ceylon) in Indië en Portugal en op Bermuda en St Helena op te rig. In antwoord op 'n skrywe van die goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika, burggraaf Gladstone, het die Unieregering op 23.9.1910 sy bereidwilligheid te kenne gegee om die koste in verband met die oprigting van dergelike monumente te betaal. Die regering wou graag meer besonderhede oor die aantal oorlede krygsgevangenes en die koste van elkeen van die beoogde gedenktekens bekom.[9]

Met betrekking tot die geïnterneerdes wat in Portugal gesterf het en daar begrawe was het kol Candido Augusto da Cunha Vianna op 20.12.1910 'n lys aan die Britse regering verstrek waarin die name en vanne van die oorledenes, hulle nasionaliteite, ouderdomme en sterfdatums vermeld was, terwyl terselfdertyd aangedui is waar die genoemdes begrawe was.[10] Die Britse gesant te Lissabon, sir Arthur H. Hardinge, het op 26.1.1912 die volgende aanbevelings oor die plasing van een of meer monumente in Portugal aan die Britse Minister van Buitelandse Sake, sir Edward Grey, voorgelê.[11] Die gesant het van 'n tweetal moontlikhede uitgegaan, tw om klein gedenktekens op elkeen van vyf begraafplase op te rig of om, op 'n sentraal geleë en maklik toeganklike plek, 'n groot gedenkteken op te rig. Hy het hierdie moontlikhede met eerw. Lithqow, die Presbiteriaanse leraar te Lissabon, bespreek omdat laasgenoemde persoonlik met die destydse geïnterneerdes bekend was en dienste vir hulle gehou en begrafnisdienste vir heengane geïnterneerdes gelei het. Eerw. Lithqow was van gedagte dat een groot monument 'n meer gepaste eerbewys vir die oorledenes sou wees en dat die Engelse kerkhof te Lissabon die aangewese plek vir so 'n gedenkteken wou wees. Verder is die volgende motivering vir hierdie mening vermeld. Van die oorledenes was agt Afrikaners en die ander, wie se nasionaliteite (Duits, Amerikaans en Sweeds) bekend was, buitelandse vrywilligers. Die geïnterneerdes is op vyf verskillende begraafplase ter ruste gelê. Hulle sou graag in die Engelse kerkhof begrawe gewees het, maar kanunnik Pope, van die Anglikaanse Kerk, kon hom nie met hierdie begeerte vereenselwig nie omdat die oorledenes geen Britse onderdane was nie en teen Brittanje

geveg het. Wat wel ten gunste van die oprigting van 'n sentrale gedenkteken in die Engelse Kerkhof te Lissabon getel het, was dat Britse en ander besoekers die ligging van die begraafplaas ken en dat, in geval van besoeke aan die kerkhof, 'n monument beslis aandag sou trek. Dan is beklemtoon dat die begraafplaas, waarvan 'n deel vir Nederlandsprekendes afgestaan is, oor die afgelope twee eeue die enigste Protestantse kerkhof in Lissabon was. Tewens sou 'n gedenkteken in die kerkhof 'n simbool van die versoening tussen Boer en Brit wees. Belangrik was ook die oorweging dat die Engelse begraafplaas in Lissabon, in teenstelling met Portugese begraafplase, nie aan onteiening onderhewig was nie. Engelse leraars kon die monument ook oppas. Die plaaslike Anglikaanse kapelaan, dr Lewis, het hom met hierdie gedagtes vereenselwig. Op 26.3.1912 het die Unieregering by monde van Eerste Minister genl Louis Botha, met hierdie sienswyses akkoord gegaan en is die regering se opregte dank aan sir Arthur Hardinge oorgedra. Verder is gevra dat daar onverwyld met die uitvoering van die beoogde werksaamhede begin word.[12]

## 5. **Voorstelle in verband met die sentrale gedenkteken te Lissabon.**

Op 27.5.1912 het die Britse gesant te Lissabon die voorstel gemaak dat die beoogde monument, in die vorm van 'n gedenknaald of obelisk van ongeveer 5 meter hoog en met 'n kruis bekroon, naby die kerkgebou in die Engelse Kerkhof opgerig word. Naby die Nederlandse gedeelte van die begraafplaas was 'n geïnterneerde begrawe en die gesant het voorgestel dat die stoflike oorskot van hierdie persoon, Johannes Christoffel Nel, op 22.6.1902 herbegrawe sou word sodat hy onder die toekomstige monument sou rus.

Intussen het die Britse kapelaan te Lissabon tekste uit die Skrif uitgesoek wat gepas soos dit was, op die monument aangebring sou word. Hierdie voorgestelde teks is as synde:

> 'expressive of the grief and hopes of the Boer people during a dark period in its history, and of thankfulness to heaven for the return of self government and peace'[13]

deur sir Arthur Hardinge ter oorweging aan sir Edward Grey voorgelê.

## 6. **Die ontwerp en die inskripsies.**

Op 12.8.1912 het genl Botha die ontvangs van bogenoemde besonderhede erken en verder verklaar dat sy regering die voorgelegde ontwerp van die monument goedkeur.[14] Die begeerte is uitgespreek dat die gedenkteken van Portugese rooimarmer vervaardig word. Die Unieregering het sy goedkeuring aan die voorgestelde plek gegee en sy instemming met die plasing van die gedenkteken op die toekomstige graf van Johannes Christoffel Nel betuig. Verder is die Britse gesant te Lissabon versoek om reëlings in verband met die onthulling en inwyding van die monument te tref.[15] Goedkeuring is ook geheg aan die tekste van die inskripsies wat, in Nederlands en Engels, op die voetstuk van die monument aangebring sou word.

Die goedgekeurde Nederlandse teks het soos volg gelui:

> 'Dit gedenkteken, ter gedachtenis van Boerenkrijgsgevangenen die overleden zijn tijdens hun gevangenschap in het binneland van Portugal gedurende de jaren 1900 tot 1903, wend opgericht en plechtiglijk ingewijd in het jaar onzes Heren 1912, op last van de Regering van de Unie van Zuid Afrika, zijnde te dien tijd Viscount Gladstone G.C.M.G. Zijn Majisteit's Goeverneur-Generaal, en de Hoog Edel Achtbare Heer Louis Botha Eerste Minister. De namen der bovengenoemde krijgsgevangenen zijn hieronder ingeschreven.'[16]

Hier volg, in Engels, die Bybeltekste wat op die voetstuk van die gedenkteken te Lissabon aangebring is:

> 'Turn our captivity O Lord as the rivers in the South. They that sow in tears; shall reap in joy' (Psalm CXXVI : 5 and 6)
>
> 'Lord thou art become gracious unto thy land, thou hast turned away the captivity of Jacob' (Psalm XXXV : 1).
>
> 'O be favourable and gracious unto Sion; build thou the walls of Jerusalem' (Psalm i : 20)[17]

Klein spellingverskille in die naamlys is deur die Unieregering reggestel. Die volgende lys is saamgestel uit die gegewens wat deur Kol Candido Augusto da Cunha Vianna aan die Britse gesant te Lissabon verstrek is en op die monument verskyn die besonderhede wat in kolomme 2 en 6 hieronder vermeld is:

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Waar oorlede** | **Oorledene** | **Nasionaliteit** | **Ouderdom** | **Sterfdatum** | **Waar begrawe** |
| Militêre hospitaal, Lissabon | Johannes Christoffel Nel | ? | ? | 22.6.02 | Engelse kerkhof, Lissabon |
| Caldas da Rainha | Pieter Jurgens Wessels | Afrikaner | 3 jaar | 17.5.01 | Caldas da Rainha |
| Caldas da Rainha | Nicolaas Johannes Bruija | Portugees | 2m., 2d | 5.12.01 | Caldas da Rainha |
| Caldas da Rainha | . . .Pelser | Portugees | 2d | 6.1.01 | Caldas da Rainha |
| Caldas da Rainha | Carl Jacob Voster | K Kolonie | 6 jaar | 16.8.01 | Caldas da Rainha |
| Alcobaca | Walter Harding | Amerikaner | 49 jaar | 9.5.01 | Alcobaca |
| Alcobaca | Andries Schalk Willem Brits | K Kolonie | 50 jaar | 23.5.01 | Alcobaca |
| Peniche | Stefanus Johannes H. Coetsee | Afrikaner | 38 jaar | 5.10.01 | Peniche |
| Peniche | Mathias van As Pretorius | K Kolonie | 55 jaar | 1.6.01 | Peniche |
| S Juliao da Barra | Willem Jacobus Botha | K Kolonie | 45 jaar | 17.4.02 | Oeiras |
| S Juliao da Barra | John Andrew Adman | Sweeds | 47 jaar | 16.6.02 | Oeiras |
| Ander, ongenoemde kampe | Johannes Petrus du Plessis, PF- seun | K Kolonie | ? | 2.4.01 | Westelike begraafplaas |
| Ander, ongenoemde kampe | Carl Walz | Duitser | ? | 18.4.01 | Lissabon |
| Ander, ongenoemde kampe | Thomas Barend B. Richards | Afrikaner | 46 jaar | 5.5.01 | Lissabon |

Uit ander bronne kon vasgestel word: Johannes Christoffel Nel is in 1857 in die Kaap-kolonie gebore en tydens die sensus van 24.12.1907 te Peniche geïnterneer. Willem Jacobus Botha was van die Kaap-kolonie afkomstig en in 1858 aldaar gebore.[18] Die van Bruija berus o.i. op 'n misverstand wat voortgevloei het uit die Portugeselys. In 'n ander bron is vermeld dat Nicolaas Johannes de Bruyn op 5.12.1900 oorlede is.[19] Verder het aan die lig gekom dat John Andrew Adman selfmoord gepleeg het en dat Barend B. Richards, wat in 1858 in Transvaal gebore is, op 23.1.1902 in die kamp te Peniche was.[20] Tewens vermoed ons dat Voster as Vorster gelees moet word. Indien daar in aanmerking geneem word dat die aantal mans, vrouens en kinders wat in 1902, met weglating van drie Swartes in die Portugese interneringskampe op 1001 geskat is, dan was die sterftesyfer besonder laag.[21]

## 7. **Die daarstelling van die gedenkteken te Lissabon. Inwyding en onthulling.**

Op 2.10.1912 het die Britse saakgelastigde te Lissabon, Charles Wingfield, aan sir Edward Grey meegedeel dat hy, in verband met die toekomstige gedenkteken, die kapelaan van die gesantskap (dr E. Lewis) sowel as die Portugese klipkapper H. Miguel Prazeres geraadpleeg het. Laasgenoemde het voorgestel om die inskripsies oor die vier panele van die voetstuk te verdeel, die letters uit te kap en daarna passende loodletters te giet. Hy het ongeveer £105 vir die vervaardiging van die monument en die bykomstige werksaamhede gevra. Hierdie bedrag was minder as die £150 wat die Unieregering reeds in November 1911 vir die doel beskikbaar gestel het.[22]

Die onthulling en die inwyding van die gedenkteken in die Engelse kerkhof te Lissabon het op 28.4.1913, o.m. in die aanwesigheid van die Portugese Minister van Buitelandse Sake en hooggeplaaste Britse amptenare, plaasgevind.[23] Gesant Hardinge het die inskripsies voorgelees en na 'n gebed is die Britse en Portugese volksliedere deur 'n Portugese militêre orkes ten gehore gebring. Sowel die kapelaan van die Britse gesantskap as 'n Skotse leraar het 'n aandeel in die godsdienstige deel van die verrigtinge gehad. Die Britse gesant, wat 'n belangrike rol in die totstandkoming van hierdie besondere gedenkteken gespeel het, het in sy toespraak o.m. na die oorlog, die internering en die besluit van die Unieregering verwys om die gedagtenis aan die heengeganes te eer. Met verwysing na die lotgevalle van die burgers in die veld in vergelyking met die van die geïnterneerdes in Portugal het sir Arthur in die loop van sy toespraak verklaar:

> '. . . theirs was a harder lot, they were destined to taste to the bitter end, the solitude and the weariness of exile, and far from the familiar scenes of home, to find, one by one, their graves in this friendly but foreign land. . . .'[24]

* Kol Dr Jan Ploeger, is staatshistorikus verbonde aan die Staatsargief, Pretoria.

**AANTEKENINGE**

Die volgende aantekeninge verwys na argiewe wat in die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, berus.

1. LA732(G), Assistent-generaal Coetser-Kommandant-generaal, 14.9.1900 (telegram); Kommandant-generaal — Generaal Coetser, 14.9.1900 (telegram).
2. *Ibid.,* Generaal B. J. Viljoen — Kommandant Kemp, 15.9.1900 (telegram); HTD Hectorspruit — Kantoor, 15.9.1900 (telegram).
3. *The Times History of the War in South Africa* (London, 1906), deel 4, pp 476, 482, LA93(A), GZR7765, vermeld ongeveer 1400.
4. LA93(A), GZR7765/00, Memorandums ivm die werksaamhede van die kommissie, 18.9.1900, 22.10.1900, 27.10.1900.
5. LA93(B), GZR514/01, GZR2022/01, J. S. Marais e.a. — Dr W. J. Leyds, 3.4.1900 (telegram).
6. FK914, CO2107/01, Consul General-Foreign Office, 13.1.1901; Foreign Office-Macdonell, 23.1.1901. Macdonell-Foreign Office, 20.1.1901; Macdonell-Foreign Office, 21.1.1901 (telegramme).
7. SO/POW50, PR/A4704; W19/2 (P. H. S. van Zyl versameling), waarin herinneringe van Anna Cornelia Kruger.
8. *Ibid.,* SO/POW — Reverend A. J. Pepler, Leeuwindal, Cape Town, 5.8.1902.
9. GG1798, GG27/83, M528, Prime Minister — Governor-General, 23.9.1910.
10. *Ibid.,* GG27/119, Foreign Office — Colonial Office, 19.1.1911.
11. GG1799, GG27/169, Sir Arthur H. Hardinge — Sir Edward Grey, 26.1.1912. Na ontvangs van hierdie skrywe op 10.2.1911, het die goewerneur-generaal die betrokke korrespondensie aan die Unieregering deurgestuur.
12. *Ibid.,* GG27/182, M762, 26.3.1912.
13. *Ibid.,* GG27/211, Sir Arthur Hardinge — Sir Edward Grey, 27.5.1912.,
14. GG1798, GG27/222, M697, 12.8.1912. Die ontwerptekening is nie by die betrokke dokumente gevind nie.
15. GG1798, GG27/222, M697, 12.8.1912.
16. *Ibid.,* In verband met die latere verdeling van die tekste en die name van die oorledenes oor die vier vlakke van die voetstuk van die gedenkteken is 'hieronder' verander in 'hier'. Die jaartalle is nie juis nie aangesien die geïnterneerdes in 1901 in Portugal aangekom en in 1902 na Suid-Afrika teruggekeer het. In Engels lui die tekswysiging 'are inscribed below' — 'are here inscribed'.
17. Die Nederlandse tekste is in GG1798, GG27/222, 12.8.1912 vermeld.
18. LA71/2, Lensuslys Peniche, 24.12.1901.
19. FK663, CO18112.
20. GG1799, GG27/232; LA71/2 (Richards).
21. SO/POW81 (Lyste).
22. GG1799, GG27/232, C. Wingfield — Sir Edward Grey, 2.10.1912; GG1798, GG27/127, M1372, 27.11.1911.
23. 'n Afbeelding van 'n latere kranslegging en 'n deel van die gedenkteken kom voor in *Lantern,* jg 14, nr 3, Maart 1965, P 103. Die derde persoon van links: Vivian C. Wood, redakteur van *Lantern.*
24. GG1799, GG27/272, Sir Arthur Hardinge — Sir Edward Grey, 29.4.1913; ibid., GG27/376, M1158, 11.12.1913, i.s. betaling vir die gedenkteken, t.w. £105:7:4.